Die Volkomenheid van die Skrif

Het u al ooit gedink dat u geloof baie sterker sal wees en u lewe heiliger, as u maar net, soos die apostels, saam met Jesus self kon geleef het – as u sy wonders kon sien, sy onderrig kon hoor, Hom deur Galilea en Judea kon volg? Petrus sê aan ons dat ons nie so moet dink nie, wanneer hy die Heilige Skrif " 'n woord wat baie vas is" noem. Ons het iets vaster en beter selfs as die apostels wat "aanskouers van sy majesteit" (2 Pet. 1:19) was. Dink daaraan! Kan u u 'n sterker stelling van die waarde en genoegsaamheid van die Heilige Skrif indink?

Kom ons kyk wat Petrus in die verband sê. In 2 Petrus 1:16 praat hy van Jesus se verheerliking op die berg. Nie lank voor sy kruisiging nie het Jesus op 'n berg in Galilea van gedaante verander. Die verhaal word vertel in Matteus 17:1-8; Markus 9:2-8 en Lukas 9:28-36. Die drie dissipels wat saam met Hom was — Petrus, Johannes en Jakobus — het nie alleen vir Moses en Elia daar saam met Jesus gesien nie, maar ook die stem van God self gehoor wat oor Jesus getuig. Wat meer is, hulle het Jesus in sy hemelse heerlikheid gesien, soos ons Hom sal sien by sy wederkoms. Dit is waarom Petrus in vers 16 praat van Jesus se "krag en koms" wat deur hom gesien is. Wat kan beter wees?

Petrus het geweet dat ons so sou dink. Hy het geweet dat ons sou vra, "Maar wat van ons? Hoe kan ons seker wees en weet? Ons het Hom nie gesien nie. Ons was nie 'aanskouers van sy majesteit' nie". Selfs voordat ons dit vra, antwoord Petrus dat die Skrif "'n profetiese woord [is] wat baie vas is". Dit is 'n woord wat vaster staan as dié van enige ooggetuie. Dit is deel van wat ons die *volkomenheid* van die Heilige Skrif noem. Die Skrif is alles wat ons vir lewe en geloof nodig het.

Weet u waarom die Skrif 'n "baie vaste" woord is? Petrus antwoord ook hierop, wanneer hy oor die inspirasie van die Skrif sê: "want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek" (2 Pet. 1:21). Die Skrif is, met ander woorde, nie geskrywe omdat die outeurs hierdie boeke wou skryf nie. Dit was nie hulle wat in die laaste instansie besluit het wat en hoe geskryf moet word nie. In al hulle herinnering, raadpleging, beplanning, skryfwerk en redigering is hulle deur die Heilige Gees 'gedra'. Dit is wat die woord 'gedrywe' werklik beteken. Hulle is gedra! Die werklike skrywer van die Skrif is die Heilige Gees.

Die gevolg is dat die Skrif 'n helder lig is wat in 'n donker plek skyn. Hierdie wêreld is 'n land van doodskaduwee, 'n land verduister deur die grimmigheid van die Here (Jes. 9:1, 18). Die Skrif leer ons dat daar in die nuwe hemel en die nuwe aarde geen nag meer sal wees nie, maar op hierdie aarde is daar geen dag nie. Vanuit 'n geestelike gesigspunt is hierdie wêreld net duisternis. Dit is net altyd en ewig nag. En rondom ons verdiep die duisternis in hierdie laaste dae. In hierdie duisternis skyn die lig van die Skrif en dit is die enigste lig wat ons het totdat die blink môrester, Christus, verrys.

Slaan daarom des te meer ag op die Bybel. Die lig daarvan skyn nie as dit bedek bly nie. Lees dit elke dag. Lees dit met die gebed dat God die lig daarvan in u hart sal laat skyn. Oordink die kosbare waarhede daarvan. Volg dit as die lig op u pad.

Ronald Hanko

© 2018
www.christelikemedia.org

Hierdie artikel is deur Nic Grobler vertaal.